# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 Mei 1996 Vol. 16

## DIE VEELKOPPIGE MONSTER

Vandat daar so 'n paar jaar gelede in Nederland 'n kerklike rapport verskyn het, by name "God met ons", het die stof in Suid-Afrika oor Skrifgesag nog nie gaan lê nie. Inteendeel, die Gereformeerde Kerke begin alhoemeer hierdie aanslag teen Skrifgesag aan eie lyf voel. Die huidige vergestaltingsvorm van die aanval op die gesag van die Woord is die reeds berugte relasionele waarheidsteorie. Relasionele waarheid is 'n monster met baie koppe, en elke kop hou 'n doodsgevaar vir die kerke in.

### 'n Ou Boek

Dit is nodig om te let op 'n paar maniere waarop die Skrif tans ondermyn word. Die eerste kop van die monster is die idee dat die Bybel 'n ou boek is. Die onderliggende gedagte is dat God in Christus eintlik onkenbaar is, aangesien die Bybel se teks oud is en die mens dit slegs as vae aanduiding kan gebruik vir wat God sê in 'n nuwe en (post)-moderne leefwêreld. Die waarheid is dus nie iets waarop jy jou kan beroep nie, maar die waarheid moet saamgestel word. Die wêreld het, volgens hierdie siening, eintlik te vinnig vir God ontwikkel. Die post-moderne mens sukkel met sake wat nie in die Bybel aangespreek word nie, dus moet daar 'n ander manier van Skrifeksegese wees.

### Net riglyne

Op dié manier beïnvloed die relasionele waarheidsteorie die eksegese van die Skrif ingrypend. Hiervolgens gee God aan die een kant met sy openbaring in die Bybel net sekere riglyne, en aan die ander kant verskaf die mens in sy eie unieke situasie die ander helfte van die waarheid. Dit beteken dat die evangelie van Christus aangepas word om by die mens met sy konteks, met sy nuwe probleme, te pas. Hierdie siening gaan soms met bedekte gewaad rond, en is moeilik om uit te ken. Dit is nie soseer dat die gesag van die Skrif ontken word nie, maar in teendeel dat die gesag van die Skrif wel bely word, terwyl die aard daarvan verander word en by die mens en sy leefwêreld ingepas word.

### Saampraat

Dit is 'n gevaarlike paadjie as die eksegese by die mens en sy situasie begin. Dan word die unieke van die Skrif, dat dit God die Gees se aanspreke in Christus is, nie meer erken nie. As die mens nie eers meer wil luister en dan doen nie, maar wil saampraat met God, dan word die hart van die Skrif aangerand en word die waarheid prysgegee. As die mens self die helfte van die waarheid kan gee, gaan die aandrang gou ontstaan dat die mens vir homself die volle waarheid wil bepaal. Predikers en gemeentes moet bedag wees dat die verkondiging wel die situasie van die gemeente deeglik aanspreek, maar dat die situasie nie medebepalend word vir die evangelie van Jesus Christus nie.

### Gletser

Laat ons hier die les uit Nederland leer: dáár is ook begin deur die Skrif se gesag te bevraagteken met die kwessie oor die vrou in die amp, en hulle het geëindig waar daar tans selfs homoseksueles die pastoriepaar vorm. Relasionele waarheidsteorie is 'n gletser wat 'n stortvloed van dwalings in die kerke kan inlaat. Die Gereformeerde Kerke moet weet dat hierdie gletser reeds begin beweeg het by die debat oor die vrou in die amp. As die stryd oor die vrou in die amp verloor word, is daar geen waarborg dat ander sake nie ook op dié manier gehanteer gaan word nie. God se Woord, die Bybel, is gesagvol, en hierdie gesag mag nie verander of vervang word met iets anders nie, allermins die mens se eie sondige situasie. Dit is noodsaaklik dat jakkalse in skaapsklere uitgeken word. Nie almal wat sê "Here, Here" verkondig sy koninkryk nie.

***In hierdie uitgawe:***


- ★ DIE VEELKOPPIGE MONSTER
  A.L.A. Buys ........ 1
- ★ Skrifoordenking:
  BELYDENIS, NIE MENSLIKE MENINGS
  Ds. C.J.J. Putter ........ 2
- ★ DIE WIT TEOLOGIE (Slot)
  Ds. G.J. Kruger ........ 4
- ★ MENSEREGTE NIE-CHRISTELIK
  Prof. J.M. Potgieter ........ 5
- ★ SEKULARISME
  Prof. L. Floor ........ 9
- ★ Boekresensie: U KNEG HOOR
  Dr. J.G. Meijer ........ 11

## Alles ewe geldig

Nog 'n kop van die monster wat die kerke bedreig, is nie so akademies geslyp en vernuftig soos die vorige een nie. Hier word verskillende interpretasies van die Skrif as ewe geldig aanvaar. So dikwels hoor ons die uitspraak: "Dit is nou maar jou siening; ek sien dit anders," of "Ons kerk glo bietjie anders". Die Here praat egter nie uit twee monde nie, en alhoewel die diepte van die Skrif nooit heeltemal gepeil sal word nie, mag daar nie in die gemeentes twee teenstrydige interpretasies as gelykwaardig geduld word nie. Daardeur word die eenheid van die Skrif ontken en gaan die eenheid van die gemeente verlore.

## Middelmatige sake

'n Huidige modewoord is "sub-kulture". Hiervolgens kan verskillende mense uit verskillende agtergronde nie in dieselfde erediens kom nie. So kry mens dan kinderdienste, jeugdienste, tradisionele dienste, sangdienste, Kersdienste, ensovoorts. Maar die wortel van hierdie rigting is dat verskillende eksegetiese uitsprake as gelyk geldend aanvaar word. Die Here verwag van sy kerk om een van sin en een van Gees te wees - ook en veral as dit oor Skrifuitleg gaan. Dit geld ook vir sogenaamde middelmatige sake. Baie keer word sake afgemaak as "middelmatig", terwyl die Skrifgesag in praktyk aangetas word. Middelmatige sake mag nie 'n pyplyn vir dwalings in die kerk word nie.

## Onkunde

'n Ander kop van die monster se naam is "onkunde". Om nie moeite te doen om te weet wat God in sy Woord sê nie, is niks anders as om God te probeer ignoreer nie. Dit kom ook al hoe meer voor dat die predikant as die taaldeskundige gesien word, wat verantwoordelik is om God se Woord in gedistilleerde vorm aan die gemeente te bied. 'n Gemeente mag nie aan melkkos verslaaf gemaak word net omdat die lidmaat te lui is om self te hoor wat God aan hom of haar sê nie. Die profeet het reeds lank terug gewaarku dat die volk van God te gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis. Die dwaling word uitgeken net as die waarheid geken word. Onkunde oor God se Skrifopenbaring is 'n welige teelaarde vir onbelangstellendheid en ondankbaarheid. Om te dink dis die predikant se verantwoordelikheid om die Woord te ken, is om die persoonlike verantwoordelikheid voor God af te gee. Met hierdie siening is ons terug in die middeleeuse Roomse Kerk waar die vaardige priester die onkundige volk inlig oor God.

## Buig onder Christus

Die derde kop heet "onwilligheid". Dit is waar iemand wel weet wat God beveel en wie Hy is, maar met sekere sake onwillig is om onder Christus te buig. Iemand wat aangespreek word, word nie deur die kerkraad of ampsdraers aangespreek nie, maar as die Woord deur hulle gebring is, het Christus self gespreek. Elke keer, in alles, moet die Woord van God die laaste uitspraak lewer.

## Afgodery

Die vierdie kop is "eiewilligheid". Dit is waar iemand self wil bepaal wat van God se evangelie onderhoubaar is en wat nie. Dit kom voor as sekere dele uit die Skrif meer belangrik geag word as ander. God ag eiewilligheid egter as afgodery (1 Sam. 15). In die Skrif gaan dit oor wat God alles wil sê - dit is alles of niks. Om die ore te sluit vir sekere Skrifwaarhede net omdat dit te "hard" of te "sag" op die oor val, is dus afgodery. Die praktyk om byvoorbeeld elke politieke beleid met 'n Bybelteks te doop en te versier, val ook hieronder. Daar moet die ander pad om gegaan word, veral in die politiek. Daar moet eers geluister word wat God sê en dan moet daarvolgens nougeset gehandel word.

## Die lewende Woord

Nadat sommige dwalings van die veelkoppige monster aangedui is, moet mens egter met 'n belydenis afsluit. Die Woord van God is lewend. Die Woord is nie die eiendom van die kerk nie. God self is besig om Homself te openbaar. Dit is die genade waaraan altyd vasgehou kan word. Die mens is nie verantwoordelik om deur goeie eksegese God te openbaar nie. Die kerk is verantwoordelik om net gelowig te luister na wat God die Gees sê - dit is God wat met sy kerke besig is. Die veelkoppige monster word doodgemaak slegs deur te bely: So sê die Here, HERE. Dit, en dit alleen, is en bly die gereformeerde belydenis.

**A.L.A. Buys.**

* * * * *

## SKRIFOORDENKING:

# Belydenis en nie menslike menings nie

Mat 16:13-19: *"Maar julle, wie sê julle, is Ek ?"*

## Aanpas by die tyd

Ons sien vandag toenemend dat teoloë en lidmate hulle eie mening bo die belydenis handhaaf om sogenaamd aan te pas by die omstandighede en die eise van die tyd. Daarom is dit noodsaaklik dat ons ons verantwoord oor ons belydenis. In Mat.16 vind ons menslike menings en waaragtige belydenis. Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?

## Bloot 'n mens

En dan verneem ons die mening van mense. Party sê Jesus is Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete. Volgens die mening van mense was Jesus maar net 'n blote mens. Wel 'n

mens wat wonderkrag besit het en selfs 'n profeet was, maar tog net bloot mens. Hierdie mening van die mense oor Jesus was maar net die vrug van hulle eie nadenke oor Christus, en daarom was dit so verskillend van mekaar. Daarom het elkeen Hom aangesien vir iemand anders, bloot 'n mens.

## Waardeloos

Die mening van mense oor Jesus is onbetroubaar, dit is subjektief, en daarom is die menslike mening oor Hom van geen nut en waarde nie. Menslike menings is wispelturig en veranderlik. Die kerk van God kan daarom nie op menslike menings gebou word nie. Jesus reageer nie eers op die mening van die mense nie. Hulle mening is absoluut van geen waarde en betekenis nie.

## Leiding van die Gees

Daarom rig Hy Hom tot sy dissipels en vra aan hulle: "Maar julle, wie sê julle, is Ek?" En dan die antwoord: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Hy is nie maar net 'n besondere mens nie, nee, Hy is die Seun van God, Hy is die Verlosser van sonde, Hy is waaragtige en regverdige God. En hierdie is nie maar net 'n mening nie, maar 'n belydenis. Want dit kom nie maar net uit die mens en uit sy nadenke oor Christus nie. Christus sê self aan Petrus, dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. Ware belydenis is nie die vrug van menslike nadenke, opinie of mening nie, dit is verligting en leiding van die Heilige Gees.

## Rots

Daarom bou God sy volk net op belydenis. Christus sê aan Petrus: "Op hierdie rots sal Ek my kerk bou." En met hierdie rots word nie Petrus bedoel nie; dit dui op die belydenis: U is die Christus, die Seun van die lewende God. So 'n belydenis is vas, waar en seker, want dit is openbaring van God, daarom bou Christus sy kerk daarop. Dat Christus die Seun van God is, die Verlosser en Saligmaker, dit is die rots, die fondament en hoeksteen van die kerk. En die belydenis daarvan kom van God self, gewerk deur die Gees. Daarom is dit vas en seker, en die enigste grondslag vir die kerk. Menslike opinies is veranderlik, wispelturig en onbetroubaar. Dit is nie vas nie, daarom bou God sy kerk nie daarop nie, want op so 'n onseker fondament sal die kerk wankel. Ware belydenis is vas, seker en waar, daarom is dit die enigste vaste rots waarop die kerk van Jesus Christus onwankelbaar gebou word.

## Menslike nadenke voorop

Waar staan ons vandag met ons belydenis? Ons leef ook in die tyd waar menslike opinie dikwels bo die openbaringswoord van God gestel word. Kerke skeur en nuwe kerke kom tot stand as gevolg van menslike opinies wat verskil. Teoloë en lidmate verdraai die Bybel as gevolg van hulle eie opinies. Die Woord word verdraai om sekere politieke beskouings te regverdig. Die Woord word verdraai om heidense godsdienste te akkommodeer. Die Woord word verdraai om allerhande menslike idees te regverdig. Elkeen het sy eie mening oor hoe dit in die kerk moet gaan, hoe eredienste ingerig moet word, hoeveel en wat nodig is in godsdiens en wat nie.
En in hierdie dinge staan meestal die vrug van menslike nadenke voorop. Daarom die verskillende menings, daarom die veranderlikheid daarvan. Daarom verander die standpunte ook soos omstandighede verander. En daarom is al hierdie standpunte nutteloos en onbetroubaar. Op sulke menslike menings kan die kerk van Jesus Christus nie gebou word nie.

## Christus sentraal

Die kerk van Jesus Christus kan alleen gebou word op suiwer belydenis. Op die belydenis dat Jesus Christus die Seun van God is, die Verlosser en Saligmaker. Op die belydenis wat nie die vrug van menslike nadenke is nie, maar wat die vrug is van die openbaring van God. Op die belydenis wat Christus sentraal stel en niks of niemand anders nie.

## Altyd aktueel

En hierdie belydenis het ons in ons belydenisskrifte. Daarvan getuig die teksverwysings by elke artikel of Sondagafdeling. Daarvan getuig die feit dat die belydenis altyd aan die Woord getoets word. Maar daarvan getuig ook die feit dat die belydenis altyd aktueel is, wat ookal die omstandighede. Net soos wat dit in die tyd van die reformasie koers kon gee, gee dit vandag nog koers, want dit sê wat die Woord sê.

## Verantwoordelikheid

Wat is nou ons verantwoordleikheid ten opsigte van ons belydenis? Ons belydenis as kerk is vir ons in hierdie deurmekaar tye, waar elke mens sy eie mening het, ons kompas en rigsnoer in die Woord. Daarom moet ons die Woord getrou bestudeer aan die hand van die belydenis, sodat ons kan koers hou en nie in eie mening of ander se menings verdwaal nie. Ons moet aan die Woord en belydenis wat daarop rus, vashou sodat, as daar in hierdie tye van verskillende menings van ons iets gevra word, ons nie ons eie mening sal gee nie (wat niks werd is vir die opbou van die kerk nie), maar dat ons belydenis sal doen van Jesus Christus, die Seun van God, deur net te sê wat God in sy Woord sê en niks anders nie, en so mee te werk aan die bou van God se kerk.

**Ds. C.J.J. Putter.**

★★★★★

# Die Wit Teologie (Slot)

Ds. G.J. Kruger

## Kerkbeskouing: Die Wit Teologie is anti-kerk

Die Wit Teologie is geheel en al teen die kerk van Christus. Die kerk, die "ekklesia" of uitgeroepenes waarvan die Nuwe Testament spreek, is die volk, die "am Yahweh", die ware Israel van God. Die beeld in Romeine 11 waarop in 'n vorige afdeling reeds ingegaan is en nie nou hier bespreek sal word nie, dui op die ware Israel wat al meer nuwe Israel word deur die geloofsbande met Jesus Christus. Die kerk is Israel, die nageslag of kinders van Abraham wat God uitverkies het. Die kerk is Israel na die belofte (Rom. 9:8). Die kerk van Christus, wat die volk of die ware Israel van God is en wat gelowiges uit alle nasies insluit, word deur die Wit Teologie beskou as 'n verdraaiing van die Skrif.

Die geréddes bestaan nie uit alle nasies wat deur die kerk verteenwoordig word nie, maar slegs uit die volk Israel (Hayes). Daarom stel die Wit Teologie 'n keuse: óf 'n mens behoort aan die Here óf aan die kerk. Die Wit Teologie spoor inderdaad Gereformeerde lidmate aan om op te hou om hulle offergawes te gee en om die kerk te verlaat. Lidmate word aangespoor om te "vlug vir hulle lewe" en by die Wit Teologie aan te sluit (Hayes).

## Kritiseer Bybelvertaling

Die Wit Teologie is nie net teen die kerk nie, maar die predikante word skerp aangeval, want hulle is die mense wat die Woord verdraai en die dwaalleer verkondig. Die predikante word selfs daarvan verdink dat hulle die waarheid van die gelowiges weerhou en dat hulle die Bybel vervals het. Hiervan is die 1983-vertaling volgens die Wit Teologie by uitstek 'n bewys. Steenkamp (G.J.) sê in dié verband die volgende: "Die kerk (Gereformeerde belydenis) en die vertalers en oorskrywers kan nie vertrou word om onbevange van die politiek van die betrokke vertalers se tydspan die waarheid deur te vertaal nie.

Die groot "waarheid" van die Bybel volgens die Wit Teologie is die letterlike blanke identiteit van Israel. Dit is die "goeie nuus", wat, behalwe dat dit die enigste evangelie in die Bybel is, ook die enigste evangelie is wat hoop en verlossing aan ons volk verkondig" (Hayes). Omdat die predikante van die kerk nie hierdie identiteit van die "Wit Volk" ken nie en die "leuen" verkoop dat almal afkomstig is van die een stamvader, Adam, word die kerk as opposisie beskou. Hulle neem daarom ook 'n aggressiewe houding in teenoor enigeen wat van hulle verskil, en veral teen die ampte.

## Aanklagte

Die aard van die Wit Teologie se argument is dat hulle die waarheid het en ook net hulle is die enigste norm vir die waarheid, en almal wat nie saamstem nie, is aan die kant van die leuen. Dit blyk uit die volgende verskillende aanklagte wat gemaak word. Die predikers sou die waarheid van die werklike identiteit van die volk van hulle weerhou en verkondig daarom die leuen. Beide die Protestantisme en die Roomse Kerk sou die dwaling huldig van 'n geestelike Israel en 'n geestelike koninkryk. Hulle vervreem die identiteit van die Godsvolk deur die onbybelse stelling dat almal, ongeag ras of kleur, lid van die kerk kan word. Daarom werk "feitlik alle Christelike kerke (onbewustelik) saam aan die uitwissing of verbastering van die Godsvolk deur die Satan (Studiegroep Aktueel, Esau versus Jakob).

Hier kom dit baie duidelik na vore dat die Wit Teologie die koninkryk van Jesus Christus en die uitbreiding daarvan wil teëhou en daarteen werk, deurdat hulle die verkondiging van die evangelie deur die predikante teëwerk. Die Wit Teologie hoort daarom tot 'n sekte min of meer in die klas van die Mormone en die Jehova-getuies.

## Sakramentsleer: Nagmaal

Wat die Wit Teologie se leer oor die Nagmaal betref, kan net kortliks vermeld word dat die Nagmaalstafel "oop" is in die sin dat ook die kinders Nagmaal mag gebruik, en nie net die lidmate wat belydenis van hulle geloof gedoen het nie. In die Wit Teologie se geloofsbelydenis word die volgende gestel met betrekking tot die Nagmaal: "Daar is vryheid van frekwensie van Nagmaal gebruik. Die kinders is ingesluit sonder ouderdomsbeperking. Ongesuurde brode sal gebruik word" (Anon).

## Doop en besnydenis

Wat die Wit Teologie se leer oor die doop betref, kortliks die volgende: Die Wit Teologie verwerp die kinderdoop, soos wat dit die geval is by die meeste sektes. In hulle geloofsbelydenis stel hulle dit as volg: "Die doop kan slegs bedien word aan persone wat tot eie vrye oortuiging daartoe kom en is geen lidmaatvereiste nie...Dit word gedoen in die Heilige Naam deur eenmalige onderdompeling (Anon).

Steenkamp stel in hierdie verband dat "die doop nie in die plek van die besnydenis gekom het nie en dat dit geen teken van die "nuwe" verbond is nie". Met een van my persoonlike onderhoude met 'n voorstander van die Wit Teologie is aan my vermeld dat sommige van die lede van die Wit Teologie dit oorweeg om die besnydenis terug te bring.

## Erfsonde en verbond

Die Wit Teologie verwerp ook die erfsonde. Die heilige geslag, die aparte volk se kinders, is verbondskinders en die Heilige Gees is hulle deel. Hierdie siening van die Wit Teologie is korrek, maar

dit verseker nie die saligheid nie. By die Wit Teologie word daar 'n soort verbondsoutomatisme aangetref. Volgens die Wit Teologie is die Afrikanerkind outomaties in die verbond en daarom sal hy gered uord. Die woorde in die Gereformeerde doopsformulier, "ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en is daarom kinders van die toorn, sodat ons nie in die ryk van God kan kom nie, tensy ons weergebore word", word deur die Wit Teologie verwerp as "die dwaling van Rome, van die hoer van Babilon" (Steenkamp).

## Verwerp Gereformeerde belydenis

Ten slotte sê die Wit Teologie in hulle geloofsbelydenis: "Ons verwerp die Gereformeerde belydenis omdat dit in totaal nie op die Skrif gefundeer is nie, so ook teologiese dogma" (Anon). Die Gereformeerde belydenis word verwerp as 'n "belaglike kompas" (Steenkamp) om die rigting in die Bybel te vind.

## Samevatting en slot

Om saam te vat kan in kort gestel word dat die Wit Teologie 'n teologie van haat verkondig, omdat hulle beweer dat die swarte nie jou naaste is nie en jy hom nie kan liefhê nie. Luister maar na die volgende uitspraak: "Deurdat ek vir 'n rondloper hond kos gee, maak nie van die hond my naaste nie. Dieselfde geld vir die swartman."

Die Wit Teologie probeer ook baie hard om te bewys dat hulle Israel van die Bybel is. Hulle wil graag fisies deel wees van Israel, maar wat die Wit Teologie vergeet, is dat Israel onder die oordeel van God staan en daarom is Israel weggevoer in ballingskap en het God hulle verstrooi. Daarom bring dit jou onder die oordeel van God as jy probeer bewys dat jy 'n Israeliet is - dit bring jou in diskrediet en dit tel nie juis in jou guns nie.

## Geen Bybelse boodskap

Uit hierdie studie blyk dit dat die Wit Teologie se boodskap in die breë gesien nie die Bybelse boodskap is nie. Die "Israelwaarheid" is hulle boodskap, weliswaar met Bybeltekste versier, wat die aandag aftrek van die sentrale boodskap van die Bybel, naamlik Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here. Die Wit Teologie maak meer van ydele teorieë gebruik as die vanselfsprekende boodskap van die Bybel wat baie helder en duidelik is en nog altyd deur die volk van God gehoor, geglo en bely is.

'n Mens word deur die Here vrygespreek omdat hy glo, en nie omdat hy die wet onderhou nie. Ook die wet van die biologiese afstamming behou ons nie in die koninkryk van God nie - en sluit ons ook nie daarvan uit nie. Of is God net God van die Jode, die Israeliete en die blankes en nie ook van die ander heidense nasies nie? Paulus antwoord hierop: "Ja, ook van die heidennasies, want daar is net een God" (Rom. 3:28,29). "Die Godsvolk is nie Godsvolk (Edms) Bpk nie, maar so wyd soos God se genade" (Van der Westhuizen). Die plek van alle nasies in die wêreldgeskiedenis is om God te dien in die tyd en plek waar hulle geroep is om voor God te lewe. Hulle hoogste roeping is om dienaars van God te wees. Die geluk en die saligheid van elke individu, rassegroep, volk en nasie wat in God sal glo, lê tog immers daarin dat uiteindelik elke knie voor God sal buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is (Jes. 45:23; Rom. 14:11).

Die Wit Teologie staan in die laaste instansie in 'n direkte konfrontasie met die heilige algemene Christelike kerk. Hulle verkondig 'n gruwelike dwaling, omdat "die God van die Bybel in hulle skema 'n eksklusiewe Wit god gaan word het wat sy rug op die skepping gaan draai het en die mensdom aan sy lot oorlaat met uitsondering van die blankes. Hierdie god is 'n etniese afgod en nie die God van die Bybel wat in sy skepping verheerlik wil word nie" (Venter).

## Die kerk se taak

Wat staan die kerk van die Here Jesus Christus te doen? Soos teenoor alle dwaalleraars, moet die aanhangers en simpatiseerders van hierdie rigting liefdevol, maar ernstig vermaan word om hulle dwaling te laat vaar - ter wille van God se eer en hulle eie heil. Teenoor alle vervalsing van die evangelie van Jesus Christus, sal die gesonde leer van die Skrif gestel moet word. "Dit (alleen) kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Jesus Christus" (2 Tim. 3:15). 'n Gesprek met hierdie mense is moeilik. In plaas van eindelose twisvrae sal daar na die kern van die evangelie - die redding uit genade alleen deur die geloof in Jesus Christus - teruggekeer moet word.

★★★★★

# DIE NIE-CHRISTELIKE AARD VAN MENSEREGTE (Deel 4)

*Prof. J.M. Potgieter (Unisa)*
*Uit: Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse reg, Aug, 1989.*

## Die menseregte-leerstuk in die lig van die lewe en evangelie van Christus

### Christus en menseregte

Die nie-Christelike aard van die menseregte-leerstuk kan verder aangetoon word met verwysing na die lewe en evangelie van Christus. As dit waar is dat dit die mens se beweerde hoë waardigheid en beeldskap van God is wat hom aanspraak op menseregte gee, dan was Christus, as ware beeld van God, by uitnemendheid geregtig om op menseregte aan te dring. Tog het Hy, ondanks die groot onreg wat Hom aangedoen is, Hom nie op een van die beweerde onvervreembare menseregte beroep nie.

## Volgelinge van Christus

Nou kan mens nie betoog dat Christus die enigste uitsondering op die reël is nie (byvoorbeeld omdat Hy 'n Goddelike roeping moes vervul) en dat sy navolgers (byvoorbeeld omdat hulle maar net skepsels is) hulle wel menseregte kan toeëien al het Christus dit nie gedoen nie: *Christus verwag van sy volgelinge om net soos Hy op te tree*. Daarom leer Hy hulle nie om op eie waardigheid of posisie aan te dring nie, maar hulleself te verneder, om yervolging en verdrukking te verduur, om bereid te wees om alles wat hulle het, selfs hulle lewens, prys te gee. *Hierdie voorskrifte lyk na presies die teenoorgestelde van die bepalings wat 'n menseregtehandves gewoonlik bevat.* As God die mens werklik van menseregte voorsien het wat hy regtens teenoor andere moet afdwing, sou Christus nie sy volgelinge direk in stryd met wat God aan hulle sou verleen het, beveel het om hulle eerder tot die dood toe te verneder nie.

Kortom: *niemand* wat bely dat hy Christus volg, kan hom op die voorbeeld van Christus beroep as hy op menseregte wil aanspraak maak nie. Wie beweer dat hy Christus volg, behoort self te lewe soos Christus gelewe het. Gehoorsaamheid aan Christus se opdrag om jou te verneder en die aandrang op menseregte sluit mekaar wedersyds uit; om op menseregte aan te dring, is dus lynreg in stryd met die Christelike evangelie.

## Ideologie

'n Kernverskil tussen die menseregte-ideologie en die evangelie van Christus blyk uit die teenoorgestelde wyses waarop die sondige mens en sy begeertes gehanteer word. Die menseregte-ideologie is opgetoë met die natuurlike mens en wil dié se begeertes verander in onvervreembare, permanente Godgegewe regte en aansprake. Daar word naamlik gepoog om die betrokke begeertes met 'n beroep op die hoogste gesag wat daar is, te erken, aan te wakker, op te bou, te versterk, te regverdig en uiteindelik te laat regeer.

In direkte teenstelling met die menseregte-leer vereis die Christelike evangelie dat die mens in navolging van Christus die natuurlike begeertes in homself moet aftakel, misken, verloën en hom geensins daardeur moet laat beheers nie. "Maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie," verklaar die apostel Paulus in Romeine 13:14.

In werklikheid bied die menseregte-ideologie aan die mens regverdiging waarom hy nie van sy natuurlike aansprake afstand hoef te doen nie, maar dit eerder moet beskerm. Omdat dié siening presies die teenoorgestelde is van die eis wat die Christelike evangelie stel, is dit in der waarheid die anti-evangelie wat deur sommige in die naam van die ware evangelie verkondig word en, soos Christus self in hierdie verband teenoor Petrus opgemerk het, van die duiwel omdat dit die denkwyse van mense en nie van God is nie (Mat.16:23).

## Christelike liefde

Voorts vervul mens nie die Christelike liefdesgebod deur die verlening en beskerming van menseregte nie. Die menseregteleer is op die gelykheidsbeginsel gebaseer. Hiervolgens kan almal op gelyke regte aanspraak maak. Elkeen gun die ander dus, oënskynlik grootmoedig, dieselfde regte as wat hy self het - op die voorwaarde, natuurlik, dat hy nie van sy eie regte hoef prys te gee nie. Daarteenoor is die Christelike liefde 'n selfopofferende liefde: dit is prysgawe van alles, selfs die eie lewe, ter wille van ander. Die liefde wat die verlening van menseregte verg, is dus goedkoop in vergelyking met die eise van die Christelike liefde; dit laat die liefhebber met minstens net soveel as wat hy ander gun terwyl die Christelike liefde alles van hom vra. Bloot om hierdie rede is die verlening van menseregte nie die benaming "Christelike" liefde werd nie.

Reeds in die lig van die voorafgaande blyk dit onweerlegbaar dat die ideologie van menseregte nie Christelik is nie: dit ontstaan buite die Christendom en is onbekend aan die Bybel; die hoofargument waarop die aanspraak berus, naamlik dat elke mens beelddraer van God is, is vals; dit is in stryd met sowel die voorbeeld van Christus as die eise wat Hy aan sy volgelinge stel; en dit voldoen nie aan die eise van die Christelike liefdesgebod nie.

## Nie-Christelike aansprake

Die opvatting dat menseregte Christelik is, word verder gebaseer op sekere oënskynlik Bybelse aansprake. Daar word naamlik geglo dat die erkenning van menseregte geregtigheid, vrede, versoening, sekuriteit en voorspoed tot gevolg sal hê. Daar bestaan 'n opvatting dat die menseregte-leer Christelik is onder meer omdat dit groter geregtigheid tot gevolg sal hê. Die geregtigheid wat uit die erkenning van menseregte vloei, kan egter nie Christelike geregtigheid wees nie. Die minimum-vereiste vir Christelike geregtigheid is dat die mens hom moet bekeer van sy sonde, in Christus moet glo en Hom moet gehoorsaam. Geen menseregte-handves dring egter daarop aan nie. Dit verbaas dan ook nie dat die menseregte-leer groot aanhang by heidene geniet nie terwyl die Christelike evangelie self, waarvan die menseregte kwansuis 'n manifestasie is, uitdruklik deur heidene verwerp word.

Ook die geloof dat 'n handves van menseregte steun verdien omdat dit minstens sal bydra tot 'n "regverdiger" samelewing en staatsbestel, berus op 'n wanbegrip van geregtigheid en 'n oorvereenvoudigde siening van die oorsaak van ongeregtigheid.

## Uitskakeling van diskriminasie

Menseregte is hoofsaaklik gerig op die uitskakeling van diskresionêre staatsoptrede en diskriminerende praktyke en het gevolglik die verkryging van groter individuele vryheid ten doel. Die menseregte-beweging plaas egter oordrewe klem op die beperking van die staatsgesag sonder om voldoende rekening te hou

met die feit dat die sondige mens groter vryheid eerder misbruik as om dit tot voordeel van andere (en homself) aan te wend. Groter individuele vryheid sou geregtigheid kon bevorder slegs as die basiese veronderstelling waarop die menseregte-ideologie berus, naamlik dat die mens wesenlik goed is, korrek was.

Maar omdat, soos reeds aangetoon, die mens in wese nie goed is nie, beteken verminderde staatsgesag en gepaardgaande groter individuele vryheid gewoonlik groter geleentheid vir die mens om sy ' sondige geaardheid ongehinderd tot nadeel van sy medemens uit te leef, met as resultaat eerder 'n toename as 'n afname in ongeregtigheid. Die sondige mens kan dus eenvoudig nie met toenemende ongekontroleerde vryheid vertrou word nie en daarom is dit wensdenkery dat ongeregtigheid sal verminder as die staatsgesag deur middel van 'n menseregte-akte beperk word terwyl versuim word om terselfdertyd individuele vryheid op die een of ander wyse doeltreffend aan bande te lê.

## Kernoorsaak

Daarbenewens is dit besonder kortsigtig om ongeregtigheid hoofsaaklik te sien as die ongelyke behandeling van mense, die onoordeelkundige uitoefening van owerheidsgesag en die beperking van individuele vryhede, met as skynbare oplossing daarvoor die erkenning van menseregte. Die hoofoorsaak van ongeregtigheid is die mens se afval van God, die gevolge waarvan in die "ernstig siek" Suid-Afrikaanse samelewing duidelik manifesteer as onder meer misdaad, geweld, huweliksontrou, gesinsverbrokkeling, seksuele kindermishandeling, korrupsie en 'n groot verskeidenheid ander euwels. Geen menseregte-akte spreek die kernoorsaak van ongeregtigheid aan deur byvoorbeeld te vereis dat die mens hom tot God moet keer en Hom moet gehoorsaam nie. Daarom is die geloof dat so 'n akte ongeregtigheid sal beperk, grootliks misplaas. Bewys hiervan vind mens in sommige lande waar menseregte prominent erkenning geniet, maar waar misdaad, sedelike verval en geestelike bankrotskap desnieteenstaande botvier.

Ewemin sal die verwesenliking van menseregte een van die belangrikste bronne van ongeregtigheid, misdaad, uitskakel. Trouens, die groter vryheid en minder beperkings wat die menseregtebeweging vir die mens opeis, sal in die geheel gesien waarskynlik tot meer ongeregtigheid, onder meer in die vorm van toenemende misdaad, aanleiding gee as wat die geval tans is. Die menseregte-ideologie bied immers aan die mens groter vryheid om sy sondige natuur ongekontroleerd uit te leef.

## Egskeidings

In aansluiting hierby sal menseregte ook nie die ongergtigheid wat deur die hoë voorkoms van egskeiding veroorsaak word, elimineer nie. Weliswaar is een van die regte wat die regskommissie in sy voorgestelde menseregte-akte beskerm wil sien, die sogenaamde "reg op die integriteit van die gesin, . vryheid van huweliksluiting en die instandhouding van die huweliksluiting". Hoe 'n menseregte-akte dit wil beskerm, is egter nie duidelik nie. Gesien die beheptheid van die menseregte-ideologie met die vryheid van die individu, is dit kwalik denkbaar dat egskeiding byvoorbeeld verbied sal word om die mensereg op die "instandhouding van die huweliksinstelling" te beskerm. (Egskeiding is vandag in Suid-Afrika so te sê op aanvraag beskikbaar onder meer juis vanweë die regskommissie se bydrae tot die inhoud van die Wet op Egskeiding 70 van 1979). Nog minder het die regskommissie waarskynlik in gedagte om byvoorbeeld aan te beveel dat owerspel, wat die "integriteit van die gesin en die instandhouding van die huweliksinstelling" so wesenlik skend, as misdaad strafbaar gestel moet word. Sodanige optrede sou eenvoudig te sterk in stryd met die individuele vryheidgedagte onderliggend aan die menseregte-ideologie wees en daarom is die voorgestelde bepaling grootliks nuttelose skyn.

In die lig van die voorafgaande is die beweerde geregtigheid wat uit die afdwing van menseregte vloei, hoogstens 'n namaaksel van Christelike geregtigheid. By die wesenlike ongeregtigheid binne die mens se gedagtes wat volg op ongehoorsaamheid aan God, kom dit nie uit nie. Daarby is dit vanuit Christelike perspektief totaal verouderd om ware geregtigheid in 'n paar uiterlike reëls soos die verlening van menseregte te soek terwyl Christus so duidelik verklaar dat 'n beker wat net aan die buitekant skoon is, niks help nie.

## Vrede, versoening en voorspoed?

Daar word ook geglo dat die verwesenliking van menseregte Christelik is onder meer omdat dit vrede, versoening, sekuriteit en ekonomiese voorspoed sou verseker. Ook hierdie beskouing is heeltemal ongegrond. Ware Christelike liefde, vrede en versoening is die gevolg van daadwerklike bekering tot en stipte navolging van Christus en is nie buite Hom te vind nie. Hierdie voorwaarde figureer natuurlik nie in die menseregte-ideologie nie en daarom is die oënskynlike vrede, versoening ensovoorts wat moontlik op die erkenning van menseregte kan volg, nie van 'n Christelike aard nie. Boonop stel Christus dit onomwonde dat daar in die wêreld buite Hom geen ware vrede en versoening sal wees nie, maar toenemende oorlog, verdeeldheid en haat.

## Waardeloos

Aan hierdie feite sal geen menseregteleer een jota of tittel verander nie. Mens hoef nie eers die Bybel te glo om dit te weet nie; die toenemende sedelike en geestelike verval, misdaad, geweld en onvrede is reeds duidelik waarneembaar selfs in lande waar menseregte ten volle afgedwing word. Om dus mens se hoop te stel op 'n ideologie wat te kenne gee dat dit die wêreld se probleme kan oplos terwyl daarteenoor Christus self die tenietgaan van die wêreld aankondig, is net so vrugteloos as om 'n afgodsbeeld te aanbid in die hoop dat dit sal help. Van John Locke se visioen, 'n paradys op aarde

waarin die ganse mensdom in vrede, sekuriteit en voorspoed leef, gaan niks kom nie. Daarom is menseregte op die duur waardeloos. Nie net bied dit geen blywende oplossing vir die wêreld se probleme nie, maar synde nie-Christelik kan dit ook niemand red nie. Hoe omvattend 'n mens se beweerde regte ook al beskerm word, en hoe noukeurig hy ook al die beweerde regte van ander erken, is hy reeds vir die verderf bestem as hy hom nie tot Christus bekeer en Hom gehoorsaam nie.

## Slotsom

In die lig van die onvermydelike gevolgtrekking dat die menseregteleer nie Christelik is nie, kan mens by wyse van konklusie die volgende sê:

a. Die moontlike implementering van 'n handves van menseregte dui geensins daarop dat 'n Christelike benadering uiteindelik sy verskyning in die reg gemaak het nie; inteendeel, hoe meer regsreëls in 'n land nodig word, hoe meer bewys dit dat die invloed van die Christelike evangelie 'n laagtepunt bereik het. As die kerk daarin sou geslaag het om sy lidmate - amper 80 % van die bevolking - met die gesindheid van Christus toe te rus, sou waarskynlik nóg die streng veiligheidswetgewing, nóg 'n handves van menseregte nodig gewees het. Maar die kerk het klaarblyklik nie daarin geslaag om die meerderheid van sy lidmate werklik christene te maak nie. Daarom is al oplossing wat oënskynlik oorbly om op 'n nuwe suiwer mensgemaakte manier deur regsreëls - deur 'n handves van menseregte - 'n uiterlike fatsoenlikheid te probeer skep in die misplaaste geloof dat dit Christelike vrede en geregtigheid sal bevorder. Kerkleiers behoort egter in geen omstandighede met 'n skyn van Christelikheid te probeer om gesag te verleen aan 'n ideologie wat allermins Christelik is nie.

b. Die politikus of juris in Suid-Afrika wat gekonfronteer word met die moontlike instelling van 'n handves vir menseregte, behoort die aangeleentheid objektief te oorweeg in die lig van alle relevante feite. In die besonder moet hy hom nie laat meevoer deur die agterliggende nie-Christelike (skyn-Christelike) ideologie waarop menseregte-aktes normaalweg berus nie en moet hy die menseregteleer stroop van mites wat daaraan kleef:

★ Ten eerste is die menseregte-leer nie Christelik nie. Geen ideologie wat as grondslag die verheffing van die sondige mens het, kan Christelik wees nie. Die regsgeleerde moet hom dus nie onder die druk laat plaas deur die valse aanspraak dat die erkenning van menseregte die korrekte wyse is waarop die evangelie van Christus vandag verwesenlik moet word nie. 'n Gemene deler tussen die menseregte-ideologie en 'n beleid soos apartheid is dat nie een volledig op Christelike gesag berus nie. Die menseregte-leer het dus nie 'n beter gesagsbron as die apartheidsbeleid nie en is dus net so min of net soveel Christelik as die apartheidsbeleid wat dit as't ware moet vervang.

★ Tweedens moet 'n handves van menseregte nie gesien word as die beskerming van die gewaande hoë waardigheid en inherente goedheid van die mens nie, maar eerder as die juridiese beskerming van die verdorwe aard van die mens - hy kry as't ware "die reg om te sondig" en groter vryheid om sy sondige natuur ongestraf uit te leef. In die algemeen is dit meer realisties om van regsweë nie die klem te plaas op meer vryheid nie, maar op die beperkings wat noodsaaklik is vanweë die meeste mense se geneigdheid om hulle sondige natuur te laat botvier.

★ Derdens moet die regsgeleerde nie mislei word deur die naïewe beskouing dat 'n handves van menseregte die korrekte manier is waarop die politieke dilemma in Suid-Afrika op die duur oorkom, en geregtigheid verseker kan word nie. Die leerstuk van menseregte, synde ewemin Christelik as enige ander politieke beleid en inaggenome die fundamenteel verdorwe aard van die meeste mense, kan nooit voldoen aan die hoë verwagtinge vir geregtigheid en vrede wat deur die kampvegters daarvoor gewek word nie en sal uiteindelik ook die weg van alle mensgemaakte ideologieë gaan.

## Realisme

Indien 'n handves van menseregte kragtens politieke besluit dan regtens geïmplementeer moet word, moet die juris nie net die mites rondom die menseregteleer ignoreer nie maar verder by die formulering van regsreëls wat in so 'n handves opgeneem word, rekening hou met realiteite soos die wil van die politieke maghebber, die aard en begeertes van die bevolking en die wyse waarop hulle groter vryheid waarskynlik sal benut. Ook moet hy let op die maatskaplike en bevolkingsamestelling van die gemeenskap, op enige bedreiging van die veiligheid van die staat en op die ekonomiese haalbaarheid van so 'n handves. In die besonder moet hy voor oë hou dat die menseregte-ideologie die klem plaas op die inkorting van staatsgesag en die verkryging van maksimum individuele vryheid sonder om terselfdertyd voldoende aandag te gee aan die voorkoming van die nadelige gevolge wat groter individuele vryheid noodwendig vir die gemeenskap meebring. 'n Realistiese benadering tot 'n akte van menseregte sal gevolglik doeltreffende juridiese maatreëls buite-om 'n menseregte-akte daarstel om effektiewe grense neer te lê vir die optrede van meeste mense wat weens hul grondliggend sondige aard noodwendig geneig sal wees om in die naam van "fundamentele menseregte" hul vryheid tot nadeel van hul medemens (en selfs hulself) te misbruik. Hou die juris nie rekening met hierdie feite nie, sal dit net so kortsigtig wees as om weer regsreëls te skep in die valse geloof dat marmer groei - maar met oneindig ernstiger gevolge.

★ ★ ★ ★ ★

## SEKULARISME EN DIE GEREFORMEERDE SE PROFETIESE ROEPING (Deel 2)

Prof. L. Floor

### 5. Die Gereformeerde se roeping

Wat is die Gereformeerde(s) se roeping in hiedie tyd van ver deurgevoerde sekularisme? Dr. A.W. Velema wat op hierdie vraag op 'n ampsdraerskonferensie van die Herv. Kerk in Nederland 'n antwoord gegee het, staan uitermate krities teenoor al die pogings wat aangewend word om deur middel van gemeente-opbou die proses van sekularisme te stuit (Velema, 1996:191-195; 209-211). Hy soek in 'n ander rigting 'n oplossing om die lidmate by die kerk te hou en om die kerk weerbaar te maak teen al die invloede van buite.

Hy wys op twee dinge: op pastoraat en liturgie. Hy spreek nie van sekularisme nie, maar wys op sekularisasie. Hy aanvaar sekularisasie as 'n positiewe gegewe. Met daardie vertrekpunt gaan hy uit van die standpunt dat die pastor en ook die lidmaat gesekulariseer is. Die gesekulariseerde pastor moet met die gesekulariseerde lidmaat kommunikeer. Eie aarselinge in verband met religie en geloof moet saam deurgepraat word. Dan moet die liturgie die ruimte bied om met al die vrae by God uit te kom. In die ruimte van die liturgie moet ons saam bid om die inspirasie van die Gees. Wat die invulling van die begrippe pastoraat en liturgie betref, bly Velema vaag. Hoe die inspirasie van die Gees ontvang word en waarin dit bestaan, maak Velema helaas nie duidelik nie.

Die groot vraag is hier watter inhoud deur pastor en liturg aan pastoraat en liturgie gegee word. In verskillende kerke vind ons 'n gesekulariseerde pastoraat en 'n aan die wêreld aangepaste iturgie. Watter antwoorde word gegee op die vrae en aarselinge in verband met religie en geloof? Wat mag ons verwag van die inspirasie van die Gees? Is die Woord hierby ingeskakel of speel dit maar 'n ondergeskikte rol? Die gevaar is hier dat wanneer die norm van die Woord ontbreek, daar 'n spiritualiteit onstaan wat nie dieselfde is as wat in die Bybel as spiritualiteit aangedui word nie.

### 6. Drie kerkhistoriese aanwysers

Om 'n antwoord te soek op die vraag na die Gereformeerde se profetiese roeping is dit belangrik om terug te gaan in die kerkgeskiedenis. Ons tyd is nie die enigste tyd wat deur sekularisme gekenmerk is nie. Daar kan in die kerkgeskiedenis drie periodes van duidelike sekularisme in sy oorspronklike betekenis geïdentifiseer word. Tegelyk kan aangetoon word watter antwoord die kerk in daardie tyd op die aanslag van sekularisme gegee het. Hoewel die woord sekularisme nog nie in gebruik was nie, was daar in vroeër tye kerklike en maatskaplike simptome wat ons vandag as sekularisme sou aandui.

#### 6.1 Die vroeë kerk

Eerstens is daar die vroeë kerk, die kerk van die Apostoliese Vaders. Die eerste eeu van die christelike kerk was by uitstek 'n tyd van sekularisme. Die godsdiens - sowel die Griekse as die Romeinse - was in verval.

Daardie tyd is gekenmerk deur 'n volkome bankrotskap van die religie. Eerbied vir die Griekse gode wat op die Olimpus geboer en gehoereer het, het verdwyn. Die gode wat hulle aan allerlei ondeugde soos egbreuk, toorn, towery, intriges skuldig gemaak het, moes tegelyk die handhawers van geregtigheid wees. Dit het meer en meer die mense tot die gevolgtrekking laat kom dat sulke gode slegs verdigsels is. Die ou volksgeloof in natuurmagte het die mense bly beoefen.

Die Romeinse godsdiens met hulle kontraktuele benadering kon die mense ook nie meer aanspreek nie. Die penate of huisgode was onpersoonlike relekwieë. Die vertroue in hulle gode het by die Romeine drasties afgeneem.

Die reaksie op die bankrotskap van die bestaande religies was tweevoudig. Aan die een kant het daar 'n gees van kosmopolitisme in die lewensuitkyk van daardie mense ontstaan wat nogal goed vergelyk met die mense van ons tyd. Die samelewing in al sy vorme is byna geheel onttrek aan die religie. Tog kon godsdiens nie geheel aan die kant geskuif word nie. Die mens is immers diep in sy wese religieus. Daar is na 'n ander soort godsdiens gesoek. Die antwood het uit die Ooste gekom met die opmars van die Misteriegodsdienste wat van Oosterse oorsprong is. Opvallend is dat soos in ons gesekukariseerde tyd die mense soek na ervaring en spiritualiteit, so het die mense in daardie tyd die toevlug tot die Misterie-godsdienste geneem (Duvenage, s.j. 24-26).

Maar ondanks 'n godsdienstige vernuwing het die mensheid in daardie tyd weggesink in 'n ontsaglike sedelike moeras. Paulus skilder in Romeine 1:18-32 'n donker beeld van die sedelike verval van sy dae.

In 'n tyd soos daardie tree die christelike kerk op en vervul hy sy profetiese roeping in die samelewing. Wat het die kerk gedoen? Lees die gekrifte van die Apostoliese Vaders. In hulle geskrifte staan die praktyk van 'n christelike lewenswandel sterk op die voorgrond. Dit word telkens aan die orde gestel. Tipies christelike elemente soos nederigheid, gehoorsaamheid word onophoudelik benadruk. Daar is in die geskrifte van die Apostoliese Vaders een uitstaande kenmerk: 'n opregte en vurige geloof in Christus (Klijn,1967:128). Verder is dit opmerklik dat die christelike lewenswyse voortdurend in verband gebring word met die werk van Christus (Klijn,1967:130).

Prediking en lewe was in alle opsigte Christus-gesentreerd. Seker was daar 'n gebrek aan originaliteit soos Torrance tereg opgemerk het. Teenoor die aanstromende buitewêreld kon hulle weerstand bied deur hulle karakteristieke

lewenswyse (Klijn, 1967:132). Op die punt van die leer van Christus was daar nie 'n sterk dogmatiese refleksie nie: 'The most astonishing feature was the failure to grasp the significance of the death of Christ' (Torrance, 1948:137). Maar die konsentrasie op die Persoon van Christus was indrukwekkend en dit het 'n geweldige impak op die samelewing gehad, soos Von Harnack (1962: 147-198) breedvoerig aantoon in sy geskiedenis van die uitbreiding van die Christendom in die eerste drie eeue. Die heidendom kon nie die kerk binnedring nie, maar die kerk kon wel 'n geslaagde aanval op die wêreld loods.

## 6.2 Die kerk van die Reformasie

Vervolgens kyk ons na die kerk van die Reformasie. In daardie tyd was daar 'n religieuse sekularisasie. In terme van vandag sou ons dit sekularisme kon noem. Die Roomse kerk het wel die hele samelewing beheers. Maar op 'n bepaalde manier. Dit lyk baie na wat in ons land te sien is by die onafhanklike kerke. In die tyd voor die Reformasie was die samelewing onttrek aan die gesag van die Woord van God. Die ironie was dat met 'n beroep op die wette van die kerk en die leer van Rome daar 'n romanisering van die samelewing plaasgevind het wat in wese nie veel verskil van 'n gesekulariseerde samelewing nie. 'n Beeld van die morele en sedelike ontwrigting van die maatskappy in daardie dae vind is by Graham (1987:98-109).

Wat was kenmerkend vir die Reformasie? Eerstens 'n onvoorwaardelike geloof in die outoriteit van die Bybel. Die Bybel is beskou as die boek van God se openbaring. Kerklike wette mag nie oor die openbaring heers nie. Verder geloofssekerheid en lewensheiliging.

Maar dit alles was bepaald en oorheers deur die belangrike en mees kenmerkende ontdekking van die Reformasie: die herontdekking van Paulus, naamlik geloofsverbondenheid met Christus (vgl. Fil.1:21; 3:10). Van 't Spijker (1991:114-132) het in sy studie van die Reformatore daarop gewys dat sowel by Luther as by Calvyn en Bucer die *unio mystica*, die verbondenheid met Christus, allesbeheersend was. Calvyn verduidelik dat *'Christus extra nos'* deur die Heilige Gees *'Christus in nobis'* word. Van 't Spijker (1991:132) noem die gemeenskap met Christus as vrug van die geloof (*effectus fidei*) die sentrum van Calvyn se teologie.

In 'n brief aan Petrus Martyr Vermigli wat Calvyn om 'n nadere verklaring gevra het, werk die Hervormer hierdie gedagte verder uit (Van 't Spijker, 1991:125-127). Deur die geloofswetenskap van *Christus in nobis* kry ons sekerheid van *'Christus extra nos'*. Wanneer Christus in ons woon, vind ons die heil *'extra nos'*.

Hierdie teologiese *proprium* kom in Calvyn se teologie en preke telkens aan die orde, byvoorbeeld in sy siening op die nagmaal, sy opvatting oor geloof, wedergeboorte, regverdiging, heiligmaking, uitverkiesing en sy Skrifbeskouing. Calvyn het sy opvattings oor 'Christus in ons' vry gehou van mistieke vermenging. Die preke van die Geneefse hervormer wys daar voortdurend op. Weer tref ons die Christusgesentreerdheid ons.

Trouens, Calvyn se persoonlike lewe is gekenmerk deur die vrees van die Here. Einddoel van al sy denke en handele was altyd weer die waaragtige godsvrug in gebondenheid aan die Woord (Praamsma, s.j.:8-9). In sy laastye brief skryf hy: 'Dit is vir my genoeg dat ek in Christus leef en sterf' (Swarz, 1909:478).

By Luther vind ons dieselfde gedagte. Die *unio mystica*, die verbondenheid met Christus, is vir hom allesbeheersend. In Luther se kommentaar op die Psalms fungeer dit as 'n hermeneutiese sleutel.

In ***De vrijheid van een christen*** skryf Luther: 'In de derde plaats is de onvergelijkelijke heerlijkheid van het geloof deze, dat het de ziel verbindt met Christus, als een bruid met haar bruidegom'. 'Christus is vol van genade, leven en zaligheid, de ziel is vol van zonden, dood en verdoemelijkheid. Laat nu echter het geloof tussenbeide komen en laat het erop vertrouwen dat van Christus zijn de zonden, de dood en de hel en dat de ziel genade, leven en zaligheid deelachtig wordt. Want het betaamt Hem, zo Hij de bruidegom is, tegelijkertijd die dingen die de bruid heeft, mede mét haar, te aanvaarden en de dingen, die van Hem zijn, aan de bruid mee te delen. Immers hoe zou Hij die zijn lichaam en zichzelf geeft, niet alles wat het zijne is geven?' (Luther, 1959:144-145).

Ook Bucer wys in sy geskrifte voortdurend op die *praesentia realis*, die inwoning van Christus in ons harte deur die *regeneratio* (Van 't Spijker,1991:90).

Met hierdie oortuiging het die kerk in die tyd van die Reformasie na buite getree. So het sy haar profetiese roeping in die samelewing vervul (Graham,1978: 97-115). McGrath (1990:221-231) het in sy studie van Calvyn en die Calvinisme die maatskaplike, ekonomiese en politieke relevansie van hierdie geloofsoortuiging treffend aangetoon.

Maar tegelyk wys McGrath daarop dat ook die Calvinisme vatbaar is vir sekularisme. Dit gebeur wanneer ons as Gereformeerdes die religeuse kern van die Calvinisme, naamlik die innige geloofsgemeenskap met Christus gaan verloor. Dan bly daar net 'n residu oor van politieke, sosiale en ekonomiese waardes (McGrath,1991:297).

## 6.3 Die Puriteine

Die derde kerkhistoriese voorbeeld vind ons by die Puriteine. Die geskiedenisboeke vertel ons dat die 17de en 18 eeu in Engeland en Skotland 'n tyd was van diep maatskaplike en sedelike verval. Immoraliteit was aan die orde van die dag. Godsdiens was nie in tel nie. Die lewe van elke dag was volkome gesekulariseer. In 'n artikel van Lloyd-Jones: ***The state of the nation*** kan daaroor een en ander gelees word (Lloyd-Jones, 1991:123-147).

Toe kom die Puriteine. Wat was kenmerkend vir hulle teologie en prediking? Weer die sterk beklemtoning van die band met Christus. As by die gemeente die band met Christus nie aanwesig is en versterk word nie, sal die kragte van ongeloof sterker word. Die Puriteine het die kruis van Christus sentraal gestel. Hulle benadruk voortdurend dat dit nie genoeg is om uiterlike wangedrag te bestry nie. Ons moet ons sondes nie alleen met die wet van God konfronteer nie, maar bo al met die kruis van Christus. Hoe dieper ons insig in die lyding van Christus is, hoe beter gaan ons ons sondes raaksien.

Binne hierdie konteks vind ons by die Puriteine 'n sterk beklemtoning van die stryd teen die sonde en dan nie in die eerste plek die sonde buitekant ons nie maar die sonde in ons. Hulle wys in hulle preke dikwels op wat Paulus noem dat ons deur die Gees die werke van die liggaam moet doodmaak (Rom.5,13). Ons moet die lede wat op die aarde is, doodmaak (Kol.3,4).

Hulle wys in navolging van die Reformatore op die *mortificatio* (die doding van die vlees met sy hartstogte en begeertes) en die ***vivificatio*** (die lewendmaking, die opwekking tot 'n nuwe lewe). Dan is daar by die Puriteine die beklemtoning van die noodsaak van wedergeboorte. Veel aandag gee hulle ook aan geestelike groei, vordering in heiligmaking. Daar was by hulle 'n diepe besef van die heiligheid van God en as gevolg daarvan 'n groot afkeer van die sonde.

Hierdie benadering het 'n groot invloed op die volkslewe in daardie tyd gehad. Daar het deur die prediking en leefwyse van die Puiriteine 'n sosiale en maatskaplike omwenteling plaas gevind.

Wat ons by Paulus lees (Fil.1,21; 3,10) en in die kerkgeskiedenis opval is veral die konsentrasie op Christus sowel in verkondiging as in pastoraat en persoonlike geloofsbelewing.

*****

## Boekresensie:

## U kneg hoor - ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland, deur Dr. J.G. Meijer

R8-00, 40p. Printburo, Posbus 25316, Gezina, 0031.

In 1994 het die Klassis Boland 'n beswaarskrif aan die Nasionale Sinode voorgelê wat onder andere gehandel het oor die vrou in die amp. Meijer bespreek die beswaarskrif deeglik en ondersoek die aanspraak van die beswaarskrif, naamlik dat dit op gereformeerde skrifbeskouing rus. Hierdie bespreking word deeglik gedoen in ses onderafdelings.

### Aanspraak ongeldig

Daar word vanuit die Skrif en belydenis aangetoon dat hierdie aanspraak van die Klassis ongeldig is. Meijer trek ook 'n elftal gevolgtrekkings in dié verband. Die belangrikste hiervan is onder meer dat die gebrek aan Skrifberoep in die beswaarskrif uitgewys word, dat daar skopusverskraling plaasvind en dat die duidelikheid van die Skrif weer helder gestel moet word.

### Kontekstueel

Die mees aktuele gevolgtrekking is egter dat aangetoon word dat Klassis Boland se uiteensetting van kontekstuele Bybelvertolking groot verwantskap vertoon met die relasionele waarheidsbeskouing - en as sodanig nie vir die Gereformeerde Kerke aanvaarbaar is nie.

### Besprekingsdokument

Dat die bespreking van die Klassis-beswaarskrif aan die hand van 'n ope brief gedoen word, maak die boek 'n nuttige besprekingdokument. Die strekking van die brief is broederlik, maar draai nie doekies om waaroor verskil word nie. Tog is die deurlopende lyn een van versoening wat rondom die Woord van God in 'n verbondsgesindheid gevind kan en moet word. Die bedoeling is sekerlik dat dit op kerkrade as bespreking dien. Hier lê ook die waarde van die boek, dat dit aan die gereformeerdes 'n deeglike verantwoording bied oor 'n aktuele saak soos Skrifgesag.

In die lig daarvan dat daar in 1997 weer 'n Nasionale Sinode plaasvind is dit nuttig en selfs noodsaaklik dat kerke hulle deeglik van hierdie deurlopende debat verantwoord en op hoogte bring.

Meijer sluit sy ope brief soos volg af: "Mag die Gereformeerde Kerke u Skrifbeskouing verdra? Die grens van die kerk se verdraagsaamheid is in die Woord vasgestel. Die eenheid van die kerk is die eenheid in die waarheid. Wie die band met die waarheid begin deursny, breek weg uit die eenheid in Christus. Neem tog die broederlike vermaning van professor Jordaan ter harte: 'Ons Gereformeerde belydenis vra' in die geval van die aantasting van die Skrifgesag 'nie toleransie of akkommodasie nie, maar reformasie'".

### Praat enduit

Oor Skrifgesag sal daar enduit gepraat moet word om te verhoed dat paaie onherstelbaar uitmekaar gaan. Voor en tydens die vrymaking in Nederland was eeLn van Schilder se uitsprake: "Doorpraten, in Godsnaam, doorpraten". Laat hierdie siening om openlik en reguit met mekaar te bly praat - ter wille van God se eer - ook in die Gereformeerde Kerke aanwesig wees. Die ope brief "U kneg hoor" is 'n stap in die regte rigting om met hierdie gesprek voort te gaan.

**A.L.A. Buys**

*****

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

***★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.***

***★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.***

***★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.***


## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres:..............................

..............................

..............................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u



GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS